T: 012 361 7738
info@menlopark.co.za
Atterburyweg 412, Pretoria, 0081
**www.menlopark.co.za**

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

20 Januarie 2025

Beste Ouer

MENLO ONDERGAAN TEGNOLOGIESE TRANSFORMASIE: ED ADMIN MULTI PORTAL-TOEPASSING

Ons skop die nuwe skooljaar met opwindende nuus af! Die Hoërskool Menlopark neem vanjaar 'n nuwe administratiewe stelsel in gebruik om kommunikasie met ouers te vergemaklik.

Die toepassing, Ed Admin Multi Portal, is 'n gebruikersvriendelike platform wat aan ouers toegang tot alle inligting rakende die skool bied. Dit is van kritieke belang dat u die toepassing so gou as moontlik op u foon sal installeer sodat u ten alle tye op hoogte van Menlo-sake sal wees.

Volg asseblief die volgende stappe om die toepassing op u foon te installeer:

1. Volg een van die onderstaande skakels.

Download on Google Play     Download on App Store

2. Sleutel die aktiveringskode in: **599649**
3. Voltooi die inligting.

Nuwe stelsels gaan soms met groeipyne gepaard. U is welkom om 'n e-pos aan mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za) te stuur indien u enige probleme met die installasie van die toepassing ervaar – ons help graag!

Baie dankie vir u ondersteuning. Ons sien saam met elke Parkie daarna uit om die geleenthede wat 2025 sal bied, aan te gryp.

Menlo-groete

MNR. KOBUS HARTMAN
HOOF

MNR. ANDREW MC GEER
ADMINISTRATEUR: ED-ADMIN